

SITUASIEHANTERING EN PROBLEEMOPLOSSINGS

Elke dag van ons lewe het ons met probleme te doen. Ons lees daaglik daarvan in koerante en tydskrifte, ons sien dit op die televisie, ons luister daarna oor die radio en ons ervaar dit in ons samelewing. Dit is egter hier waar positiewe denke die oorhand moet kry sodat ons elke probleem wat op ons pad kom, nie as 'n probleem sal sien nie maar as 'n uitdaging of as geleentheid.

Thomas Edison het gesê:

“Die optimis sien 'n geleentheid in elke terugslag (of probleem);
die pessimis sien 'n terugslag in elke geleentheid.”

Die optimis wat daarvan bewus is dat die glas “half leeg” is, fokus op die “halfvol”-gedeelte; die pessimis sien dit slegs as “half leeg”. Fran Stryker, skepper van die “Lone Ranger”, het twee mense gevra om 'n stuk grond wat hy wou koop, vir hom te gaan deurkyk. Een het rapporteer: “Daar is oral dooie bome op die grond. Daar is 'n stroompie wat so smal is dat jy dit op enige plek sonder moeite kan oorsteek en die bossies staan twee meter hoog.” Die tweede persoon se kommentaar oor dieselfde stuk grond was: “Daar lê genoeg vuurmaakhout op die grond om 'n leeftyd lank te hou; daar is 'n stroom wat op een plek wyd genoeg is om op te dam vir 'n swemplek; uit die grootte van die bossies kan 'n mens aflei dat dit baie ryk grond is.” Fran het gelukkig na die tweede beriggewer geluister en sy wonderlike “Fiction Farm” met 'n vuurherd, swemplek en tuin daar ontwikkel. Geen kennis is volledig nie en niks is finaal korrek en klaar nie. Die grootste skildery is nog nie geskilder nie, 'n maklike manier om te verslank is nog nie gevind nie, 'n manier om alle kanker en vigs te genees, bestaan nog nie en misdaad kan nog nie effektief bekamp word nie. Daar is nie 'n land met 'n ideale regering, besighede, huise, skole ens. nie. Alles verander deurentyd. Die wêreld is in 'n toestand van afwagting dat daar vanaf êrens manne en vroue sal kom met vars, uitdagende ontdekkings en uitvindings om situasies te hanteer.

Oënskynlike irrelevant of toevallige gebeure kan positief omskep word, en 'n nuwe betekenis ten opsigte van ons doelwit verkry. 'n Voorbeeld hiervan is die geval van iemand wat klitsgras van sy broekspye moes afhaal, soos die meeste van ons doen nadat ons in die veld gestap het. Hy is gefassineer deur die wyse waarop die klitsgras aan sy klere vasklou, en skielik het die idee van die “Velcro”-hegstuk ontstaan.

Die bekende uitvinder Charles Kettering, het gesê dat die gemiddelde persoon 90% van die goeie in 'n idee nie raaksien nie omdat hy konsentreer op die 10% wat ooglopend sleg is. Positiewe denke is baie belangrik wanneer ons by die oplos van probleme kom.

Om 'n probleem op te los het 'n mens nie een idee nie, maar baie idees nodig en daarom moet ons kreatief dink en doen. Archimedes het gesê dat ons die wêreld sou kon verskuif, indien ons 'n lang genoeg hefboom en 'n plek gehad het om te staan. Assosiasies word die hefboom waarmee ons die wêreld kan beweeg en die wêreld se probleme - en ons eie probleme kan oplos. Kreatiwiteit op sy eenvoudigste vlak is wanneer ons dit wat ons weet op nuwe maniere kombineer om 'n probleem op te los.

Riglyne vir die oplos van probleme bestaan uit vyf hoofstappe, nl.

- die bepaling en inwin van feite,
- probleemidentifisering,
- die voortbring van idees,
- die bepaling van oplossings en
- die bepaling van geskiktheid / aanvaarbaarheid van oplossings.

In elke stap is 'n fase van divergente denke sowel as 'n fase van konvergente denke. Divergente denke is die vermoë om idees uit te dink wat oorspronklik, uniek en bruikbaar is. Konvergente denke impliseer die vermoë om op 'n logiese wyse te selekteer tussen die beste, korrekte en bruikbare response d.m.v. beoordeling en evaluering.

Om te help om meer idees te genereer het Alex Osborne 'n puik kontrolelys wat bestaan uit 'n reeks werkwoorde wat gebruik kan word om jou geestesingesteldheid te verander terwyl jy 'n probleem of uitdaging aanpak.

Gebruik byvoorbeeld die volgende drie werkwoorde: VERGROOT, VERKLEIN en HERRANGSKIK.

Gestel lede van 'n gesin probeer om idees te genereer oor maniere waarop hulle hul etes saam meer kan geniet.

As hulle aan 'n situasie moes dink en VERGROOT sou toepas, sou hulle met idees vorendag kom soos:

1. nooi verskeie mense - buitelandse studente, onderwysers, plaaslike kunstenaars, ens. of
2. verleng soms die aandete deur hulle gunsteling musiek tussen die geregte deur te speel.

Verklein kan beteken:

1. om die grootte van die porsies van elke gereg te verminder, maar om die aantal geregte te vermeerder, en

- sodoende die verskeidenheid van disse en die aantreklikheid van die ete te verbeter of
2. om om 'n klein tafeltjie te sit om die hele ete meer intiem te maak of
 3. om weg te doen met die ete en eerder aan behoeftige mense kos te gee.

Herrangskik kan beteken om in die sitkamer of dalk op die stoep te eet, of om die disse om te ruil, byvoorbeeld die poeding eerste. Probeer self bykomende idees genereer van hoe jou gesinsete sinvoller saam genuttig kan word, of probeer om 'n oplossing te vind vir een van jou eie, persoonlike uitdagings, deur hierdie ideeskeppende tegniek in te span.

OPSOMMEND:

Vergroot: (maak groter, vermenigvuldig, voeg by, oordryf, ens.)

Verklein: (trek af, verdeel, elimineer, verkort, vereenvoudig, ens.)

Herrangskik: (keer om, kombineer, vervang, versprei, ens.)

Kreatiewe proses

Voordat daar oorgegaan word na die stappe van die probleemoplossingsproses, is dit miskien goed om meer te wete te kom oor die kreatiewe proses. Die kreatiewe proses vind oor 'n tydperk plaas. Dit het 'n aanvang, verloop en 'n eindresultaat. Die proses eindig soms in 'n waarneembare produk soos 'n skildery, 'n boek, 'n gebou of 'n voorwerp of uitstalling. Maar dit kan ook onwaarneembaar wees soos byvoorbeeld 'n nuwe idee, gesindheid of insig wanneer dit by die oplos van probleme kom.

Hier volg 'n kort opsomming van die stadiums of fases van die kreatiewe proses:

Die voorbereidende fase of aanvangstadium

Dit is 'n tydperk van aanvoeling. 'n Tydperk van dink, mediteer, oorweeg, versamel van gegewens, 'n stadium waarin sake betwyfel word, 'n tydperk van lees en notas maak. Die persoon lewe hom in die probleem of situasie in en voel stemmings aan.

Hy sien die plek of die doelwit raak waar hierdie ding tot sy reg kan kom. Hierdie aanvoeling of empatie kan ontwikkel of aangehelp word deur die persoon in kontak te bring met 'n verskeidenheid situasies en deur die verbande wat daarmee saamhang, aan te dui. Deur hom sensitief in te stel teenoor die materiaal, feite, data soos kleure, lyne en klanke, kan 'n empatiese krag in hom ontketen word wat hom prikkel tot kreatiewe aktiwiteit. Hierdie gebeure kan nie verhaas word nie.

Die fase of stadium van inkubasie

Dit is 'n tussenspel, 'n fase van frustrasie. Ons kan dit beskryf as die tyd van stille afwagting. In werklikheid is dit 'n toestand van intense onbewuste aktiwiteit. In die onbewuste fase (d.w.s. 'n aktiwiteit in die onderbewussyn), word die grondslag vir die kreatiewe denke gelê. Sonder die onbewuste kan inspirasie nie posvat nie. In hierdie broeitydperk kom die hunkering tot uitdrukking.

Dit is asof 'n elektriese lading besig is om versadigingspunt te bereik waar afvonking van die lewende inspirasie skielik sal gebeur. Sodra hierdie inspirasie deurbreek vorder dinge vinnig.

Geloof in homself, sal die persoon deur hierdie krisistyd dra. Motivering, aanmoediging en begrip van diegene naaste aan hom kan sy taak vergemaklik. Die hoogs kreatiewe persoon soek na nuwe idees. Wanneer daardie oorspronklike gedagte wat reeds so lank gesoek word skielik opdoem, vind illuminasie plaas.

Illuminasie

Skielik ervaar hy 'n oplossing - 'n plotselinge deurbraak en insig tree in. Alle los idees vloei in een geheel in. Die onbewuste is die grondstof of ruproduk. Die intellek het dit verwerk en nagegaan. Die kreatiewe persoon is vervul met inspirasie, deurstellingsvermoë, arbeidsaamheid, verrukking en werkvermoë. Hy werk soms lang ure of nagte deur om by die eindresultaat te kom. Die oomblik van illuminasie bring die kreatiewe gebeure tot sy klimaks.

Verifikasie (of hersiening)

Dit is die laaste fase in die kreatiewe gebeure. Die sin moet van die onsin geskei word. Selfanalise, kritiese evaluering, herformulering en selfondersoek moet die geldige van die ongeldige skei. Elke kreatiewe persoon het egter sy eie norme waaraan hy sy eie prestasies toets. 'n Kenmerk van die hoogs kreatiewe persoon is dat hy self nooit met sy prestasie tevrede is nie. Hy stel geweldige kwalitatiewe eise. Kritiek van ander laat hom koud. Belangrik is dat die persoon in hierdie fase entoesiasies moet bly. Gewoonlik het hy die selfvertroue en glo hy so in sy eie prestasie dat die entoesiasme hoog bly. Bogenoemde fases volg nie noodwendig op mekaar nie. Verskillende mense het verskillende probleemoplossingsprosesse wat deur die jare deel word van jou daaglikse hantering van probleme. Die heel belangrikste is nie hoe die proses lyk nie maar wel dat elke mens 'n

proses moet hê om probleme op te los, met ander woorde, jy moet 'n strategie hê wat jy volg.

Die volgende proses is slegs 'n voorbeeld en is 'n logiese 5-stap plan wat van toepassing is op enige situasie waarin jy jou mag bevind.

PROSES VAN PROBLEEMOPLOSSING:

1. ONTLEED
2. ALTERNATIEWE
3. IMPLEMENTEER
4. EVALUEER
5. TERUGVOERING

Bogenoemde 5 stappe vorm 'n doeltreffende basis vir die oplossing van probleme. Dit is egter moontlik om elkeen van die vyf stappe verder te verfyn sodat die meer ervare probleemoplosser op 'n nog meer effektiewe wyse meer uitdagende probleme kan aanpak.

Kom ons kyk nou na die kreatiewe probleemoplossingsproses stap-vir-stap:

Ontleed die probleem

Bestudeer die probleemsituasie. Vind soveel moontlik uit omtrent die probleem. Vra vrae. Maak seker dat jy die kern van die probleem verstaan en werklik deurgrond het.

Soek alternatiewe

Dink aan soveel alternatiewe oplossings as moontlik. Aanvaar alle voorstelle op die stadium. Dink kreatief en met 'n oop gemoed. Wees ontvanklik vir nuwe idees. Vra jouself die volgende vraag:

OP HOEVEEL MANIERE KAN EK ?

Stel oordeel uit so ver as wat jy kan en laat 'n vrye vloei en idees toe. Maak 'n lys van, teken of simboliseer soveel idees moontlik om die probleem aan te pak.

Maak 'n keuse en kies die beste alternatiewe idees

Oorweeg elke alternatiewe idee baie deeglik. Bespreek die voor- en nadele van elke alternatief.

Dink logies maar behou 'n oop gemoed. Gebruik kriteria (maatstawwe).

Diversiteit en redelike meningsverskille is waardevol en kan die kwaliteit van die resultaat verhoog.

Verwerp onvoldoende oplossings.

Laastens: kies die beste oplossing(s)

Implementeer die beste oplossing(s)

Stel nou 'n plan van aksie op. Dink aan soveel moontlike take wat verrig moet word deur die volgende vrae te beantwoord:

WIE? WAT? WAAR? WANNEER? WAAROM? HOE?

Voer die plan van aksie in fyn besonderhede uit.

Evalueer jou oplossing

Bepaal hoe suksesvol jy was. Evaluering kan nie altyd dadelik plaasvind nie. Verbeter indien nodig.

BAIE BELANGRIK:

Terugvoering kan enige tyd gedurende die proses gebruik word. Dit beteken dat jy teruggaan na 'n vorige of enige voorafgaande stap om 'n verbetering aan te bring. Hiervoor gebruik ons die terugvoeringsboog.

Die wese van die kreatiewe persoon kom dramaties na vore in die verhaal van die klein seuntjie wat na 'n beeldhouer staan en kyk het wat aan 'n soliede granietblok gewerk het. Na 'n lang gekap begin die vorm van 'n leeu uit die rots te voorskyn kom. "Hoe het jy geweet daar is 'n leeu daarbinne?" wou die seuntjie verbaas by die beeldhouer weet.

Die persoon wat kreatief te werk gaan, weet dat die oplossing daar is, en is gewillig om aan te hou om die rots stukkie vir stukkie weg te beitel totdat die oplossing te voorskyn tree.

Terwyl hy 'n stuk marmer bestudeer het, het Michelangelo glo gesê: "n Engel is daarbinne vasgevang en ek moet dit vrylaat." Ons kan ook sê: "Daar is 'n oplossing in ons gedagtes vasgegies en ons moet dit laat smelt sodat dit kan uitvloei."

Die probleme wat in ons daaglikse lewe opduik, gaan gewoonlik gebuk onder tydsbeperkinge. Wanneer die situasie dit egter toelaat, kan jy voordeel trek deur vir 'n lang tyd baie idees onder elke stap te genereer. Jy moet

self kan besluit hoeveel tyd jy aan elke situasie behoort te bestee. Jy kan jou effektiwiteit uitbrei deur soveel inkubasieperiodes moontlik toe te laat voordat jy finale besluite neem. Werk vorentoe en terug tussen die uitdagings; laat inkubasie oorneem wanneer jy jou bewuste aandag daarvan wegneem. Wanneer jy dit doen, verhoog die kans dat 'n belangrike element wat in jou geheue weggebêre is, weer in jou bewussyn sal opduik. Elkeen van ons het 'n diep put van kennis wat in ons brein begrawe is; kreatiewe probleemoplossing behels talle uiteenlopende prosesse meer as blote inkubasie waaruit geput kan word om ons daaglikse probleme op te los.

Kreatiewe denke is dus baie belangrik vir die oplos van probleme. Kritiese denkvaardighede is 'n vereiste om die wêreld van vandag te verstaan, dit te ontleed en op so 'n wyse te reageer dat dit tot voordeel van jouself en die samelewing sal sterk. Dit is essensieel dat ons almal voorbereid moet wees om probleem-situasies binne die huislike en beroepsmilieu op te los deur inligting te analiseer, daaroor te besin en met selfvertroue breinprodukte te lewer.

Probleme is deel van elke dag se leefwyse en die oplossing daarvan verseker 'n beter toekoms. Enige probleem vereis verandering en vernuwing. Die ontwikkeling van kreatiewe probleemoplossingvaardighede en ook kreatiewe meerderder strategieë m.b.t. denke en siening van die wêreld.

In 'n neutedop:

Kreatiewe probleemoplossing skep die geleentheid om elke situasie met 'n vars paar oë te benader.

Ten slotte:

Entoesiasme is lofwaardig, maar dit is entoesiasme gepaard met kennis wat op 'n besondere wyse 'n instrument in God se hand kan word. Wanneer jy dus vir die tyd wat voorlê beplan, gebruik die gawes wat God jou gegee het, ontwikkel hulle na die beste van jou vermoë en bied hulle dan in Sy diens aan. Hy gee jou gawes vir 'n spesifieke doel en verwag dat jy hulle aan Hom sal toewy sodat Hy jou meer doeltreffend kan gebruik.

BRONNELYS

- Bester, D.R. Kreatiwiteit: Die aanmoediging en ontsluiting daarvan.
Indiensopleidingsmodule. OVS Onderwysdepartement, Okt. 1985
- Neetling, K. Die begaafde kind. Kaapstad: Human & Rosseau, 1984
- Parmes Optimaliseer jou breinkrag en leer om nuwe planne te maak.
- Sidney J. Benedic Boeke, 1998.